e-Hervormer

Weeklikse nuusbrief met kommunikasie en kommentaar

29 Oktober 2009
Jaargang 2 – Uitgawe 38

In hierdie uitgawe

- Voorblad
- Beroepe en standplase
- Predikante en gemeentes
- Ander nuus
- Advertensie
- Agterblad

Teken in op *e-Hervormer* en ontvang elke uitgawe gratis per e-pos!

- Besoek die webwerf by **www.hervormer.co.za** en kliek op die "Teken in"-opsie; of
- stuur 'n e-pos aan **karen@nhk.co.za**

Stuur 'n e-pos met nuus en berigte aan die redaksie by **produksie@nhk.co.za**

VOORBLAD

Beskerm ons kinders!

Ek het grootgeword met Barbie-poppe; vir my as klein dogtertjie was sy die mooiste meisie in die hele wêreld! Sy kon ure se vermaak besorg aan die meeste dogtertjies en was 'n rolmodel vir ons. Wie sou ooit kon dink dat hierdie assosiasie in ons volwasse lewens 'n suur nadraai kon hê?

In onlangse nuusopskrifte is uitbasuin dat 'n bekende advokaat van Pretoria, Cezanne Visser, beter bekend as advokaat Barbie, saam met haar destydse saamleefmaat, Dirk Prinsloo, betrokke was by kinderpornografie. Soos die nuus ontvou het, het dit ons winduit en stom gelaat. Die dade wat gepleeg is, is in detail tydens die verhoor bespreek, en dit het ons laat wonder of enige normale mens by sulke dade betrokke kan wees.

Kinderpornografie is 'n vorm van seksuele misbruik en 'n kriminele misdryf. Dit het ten doel om die oortreder, wat verantwoordelik is vir die kind se versorging of toesig, te bevredig of te vermaak, en kan heteroseksuele of homoseksuele gedrag wees. Dit behels die eksplisiete vertoon van seksuele dade en naaktheid in films, video's en op foto's. Dit kan ook gepaardgaan met geweld of dreigemente van geweld.

Kinderpornografie en die beskikbaarheid daarvan word ongelukkig nie beskou as 'n groot probleem wat die lewens van kinders in Suid-Afrika affekteer nie. Die teendeel is egter waar. Uit die ondervraging van kinders wat by pornografie betrokke was, is dit duidelik dat die omvang van die probleem onderskat word omdat die regte vrae nie aan die betrokke kind gevra word nie. Navorsing het getoon dat hierdie jong slagoffers glo dat hul blootstelling aan volwasse pornografie en kinderpornografie 'n beduidende faktor is in hul ontluikende seksuele gedrag.

Die hantering van 'n kind is kritiek wanneer dit kom by die kriminele ondersoek na die kind se blootstelling aan kinderpornografie. Die kind kan vrees koester, en hierdie vrees is meestal gegrond, naamlik dat die pornografie en die gepaardgaande seksuele gedrag deur ander aanskou kan word. Dit is veral waar wanneer die moontlikheid bestaan dat die kinderpornografie oor die internet versprei kan word. Persone wat hierdie misdrywe ondersoek, moet oor die nodige opleiding beskik om die slagoffer en sy familie met sensitiwiteit te hanteer. Hulle moet steeds die nodige inligting kan bekom sodat die oortreders krimineel vervolg kan word. Die gesin se gevoel van veiligheid moet versterk word, en hul gewilligheid om deel te wees van die ondersoek moet beklemtoon word.

Met die mediadekking van Cezanne Visser het kinderpornografie as eskalerende probleem weer onder die vergrootglas gekom. Die Staat is tans besig om voorsorgmaatreëls te tref vir 2010 se Sokkertoernooi. Daar is 'n skerp bewustheid van die feit dat daar 'n toestroming van toeriste gaan wees, met persone wat daarop uit gaan wees om ons kinders in hul web van prostitusie en pornografie vas te vang. Die behoefte aan streng regulering en 'n duidelike etiese kode wat verband hou met die kriminele vervolging van hierdie dade, word benodig.

Dit is kinders se reg om beskerm te word teen alle vorme van mishandeling. Die beveiliging van kinders is almal se verantwoordelikheid.

Dr Charmaine Fourie
Programbestuurder:
Die Ondersteuningsraad

Skakels

Webblad van die Hervormde Kerk **www.nhk.co.za**
Die Hervormer **www.hervormer.co.za**
e-Hervormer **www.hervormer.co.za/e_Hervormer.html**

Indien u nie weer die *e-Hervormer* wil ontvang nie, kliek op **www.hervormer.co.za/cancel.html**

BEROEPE EN STANDPLASE

Kontak asseblief die webbladredakteur, prof Ernest van Eck, by **ernest.vaneck@up.ac.za** om vakante standplase op die Kerk se amptelike webblad by **www.nhk.co.za** te plaas.

Beroep bedank

Ds Stephan Botha van Klerksdorp-Oos Môrester na Delareyville

Ds Marius Bacon van El-Flora na Welgelegen-Pietersburg

Ds Stephan Botha

Ds Marius Bacon

Vakante standplaas

Gemeente Glencoe beskik oor 'n vakante **deeltydse standplaas.** Die gemeente is saamgestel uit ongeveer 120 belydende lidmate, waarvan die meerderheid in die ouderdomsgroep 35 tot 60 val. Daar is nie baie jong kinders in die gemeente nie, alhoewel daar uitstekende hoër- en laerskole in die dorp en omgewing is. Die gemeentegrense loop wyd na al die kante toe, en sluit heelwat plaaswyke in, in die rigting van Newcastle, Ladysmith en Vryheid. Die verste besoekpunt is ongeveer 40 km vanaf Glencoe. Glencoe het 'n ryk geskiedenis, 'n matige klimaat en besondere natuurskoon. Daar is 'n groot pastorie beskikbaar. Predikante wat daarin belangstel om die gemeente te bearbei, kan 'n CV stuur na **komzani@vodamail.co.za** of **Ansie.Fourie@kzndoe.gov.za**, of per gewone pos na Posbus 110, Glencoe 2930 **voor 15 November 2009**. Kontak Johann du Plessis by 082 496 5830, Vossie Fölscher by 083 345 3406, of Ansie Fourie by 082 393 8558 vir meer inligting.

PREDIKANTE EN GEMEENTES

Hierdie foto is in gelukkiger tye geneem. Voor is Rassie en Girlie Viljoen, en agter is ds Johan (links) en ds Pieter Viljoen (regs).

- **Rassie Viljoen** (vader van ds Johan Viljoen van Koornfontein en ds Pieter Viljoen van Alberton) is Saterdagoggend oorlede, nadat hy Vrydagoggend in sy tuin geskiet is. Hy was ongeveer 45 jaar lank kerkraadslid van Gemeente Pretoria-Wes, waar hy ook gedien het as kategeet, lid van die Finansiële Kommissie en voorsitter van die ouderlingevergadering. Hy is verskeie kere verkies as ouderlingslid van die Ringskommissie van Pretoria-Wes, en was ook 'n aantal kere afgevaardig na die Algemene Kerkvergadering (AKV). Sedert 2001 het hy in Alberton gewoon en was hy ouderling daar. Hy laat sy vrou, Girlie, met wie hy 60 jaar getroud was, agter, asook sy twee seuns en hul vrouens Marietjie en Susan; kleinkinders Hanno en sy vrou Yvonne, Welene, Hardus, Josef en Cornelle; en agterkleinkinders Tiaan en Jessica. Die roudiens vind plaas op Saterdag 31 Oktober om 11:00 uit Gemeente Alberton. Die Kerk se meelewing gaan aan die familie.

- **Prof Ben Engelbrecht** is uit die hospitaal ontslaan en sterk tuis aan nadat hy vir hart- en nierversaking behandel is. Hy is egter nog baie swak. Nogtans is hy reeds weer besig om artikels te skryf! Ons wens hom en sy vrou, Rina, baie sterkte toe.

- **Dr Fanie Pretorius** sterk ook nog tuis aan na sy knieoperasie. Ten spyte daarvan koördineer hy steeds die Kerknuus saam met sy bekwame assistent, mev Karen Breedt. Rus nou 'n slag, dr Fanie!

- **Ds Sarel le Roux**, predikant van Vanderbijlpark-Oos, is tans ernstig siek. Hy het vroeër 'n operasie ondergaan aan 'n hartklep, en die operasie is die afgelope week herhaal. Die Kerk se voorbidding word vir ds Le Roux en sy gesin gevra.

- **Ds Neels Janse van Rensburg (Haas)**, wat vir jare op Bronkhorstspruit predikant was, is nou in Gemeente Outeniqua. Hy is in 'n versorgingsoord in Grootbrak, en word besoek deur di Flip Prinsloo en Ferdie Nortjé. Kollegas wat in die omgewing gaan vakansie hou, kan gerus by ds Van Rensburg besoek aflê.

Prof Ben Engelbrecht

Ds Sarel le Roux

- **Dr Elsabé Kloppers** bied op **Saterdag 31 Oktober** 'n **Lied- en Liturgiebyeenkoms** op Nelspruit aan. Dit duur van 09:00 tot 13:00. Almal wat belangstel in die kerklied is hartlik welkom. Belangstellendes kan met Madelief Mulder skakel by 082 460 8252.

- **Die volgende predikante verjaar van 30 Oktober tot 6 November,** en word hartlik geluk gewens:

  - Vrydag 30 Oktober: Di Anet Dreyer-Krüger, Wilhelm Steyn en Werner Venter
  - Sondag 1 November: Ds Roelf Coertze
  - Maandag 2 November: Ds Naas Lombard
  - Dinsdag 3 November: Di Petrus Harmzen en Hennie Retief
  - Woensdag 4 November: Di Hennie Botha, Gerhard Kruger en Gerhard Viviers

- Van 2 tot 8 November gaan 13 lidmate van die gemeente in **Bulawayo**, hoofsaaklik seniorburgers, deur lidmate van **Gemeente Phalaborwa** bederf word met 'n besoek. Hulle gaan onder meer die Krugerwilldtuin, Graskop, Sabie en Hoedspruit besoek. Daar word ook 'n uitstappie per boot saam met seniorburgers van Phalaborwa gereël. Op Sondag 8 November sal hulle Nagmaal vier en saam eet. Op Maandag 9 November vertrek hulle weer terug huis toe.

- Die **Voortgesette Toerustingskursus (VTT)** word **van Dinsdag 10 tot Woensdag 11 November** by Gemeente Villieria aangebied. Die tema vanjaar is persoonlike vaardighede, soos onder andere konflikhantering, beïnvloeding en emosionele intelligensie. Die koste is R290. Verwittig mev Betsie Brits **voor 2 November** by **betsie.brits@up.ac.za**, 012 420 5393, of faks 012 420 4303 indien u die geleentheid wil bywoon. Betalings moet verkieslik **elektronies of per bankinbetaling** gedoen word – dit vergemaklik registrasie en die beplanning van etes. Stuur asseblief bewys van betaling aan mev Brits. Die bankbesonderhede is soos volg:
  - Naam van rekening: Kerkgeld vir Kerkwerk
  - ABSA
  - Rekening nr 020 149 752
  - Kode nr 63 20 05
  - Verwysing: 2013K VTT (gevolg deur die naam van die kursusganger)

- Die boekjaar van die **Bybelgenootskap (BSA)** sluit aan die einde van Oktober. Alle fondse wat vir vanjaar vir Bybelverspreiding bestem is, asook enige trustfondse wat dalk nog van die vorige jaar oorgestaan het, moet op die allerlaatste **teen 29 Oktober** aan die Bybelgenootskap oorbetaal word. Oorbetalings kan direk in die **Bybelgenootskap van Suid-Afrika** se rekening gedoen word. Die besonderhede van die Streekkantore is soos volg:
  - **Kempton Park (Noordstreek):** Ds KD Papp (**papp@biblesociety.co.za**) Die rekeningnommer by ABSA Kempton Park is 260 220 748. Gemeentes se verwysingsnommer moet op die depositostrokie aangebring word. Laat weet die BSA (per e-pos, telefoon 011 970 4010 of faks 011 970 2506) as u 'n inbetaling gedoen het.
  - **Bloemfontein (Suidstreek):** Ds JMJ de Wet (**dewet@biblesociety.co.za**) Die rekeningnommer by ABSA Bloemfontein is 470 220 406. Laat weet die BSA (per e-pos, telefoon 051 444 5980 of faks 051 444 5988) as u 'n inbetaling gedoen het.

  Volle besonderhede word verlang van die **bedrag**, **datum**, **bank** en **tak** waar die inbetaling gedoen is sodat die bedrag betyds en korrek geïdentifiseer kan word.

- Verskeie gemeentes het navraag gedoen oor 'n **voorblad vir die kalender vir 2010** wat onlangs aan hulle gestuur is. Die grafiese span van SENTIK het so 'n meester ontwerp, met twee teksruimtes in *Word* daarop, sodat elke gemeente se



Voorblad vir die kalender vir 2010

naam in die een kan kom en die ander een gebruik kan word om eredienstye, funksionarisse, ensovoorts daarop aan te bring. Daar sal ook enkele instruksies bygevoeg word met betrekking tot die grootte en druk daarvan, en die meester sal aan gemeentes gestuur word. Die ontwerp dra die **nuwe korporatiewe identiteit van die Kerk** saam met die jaartema vir 2010 uit. Die verskillende kurwes (wat deel van die unieke korporatiewe identiteit van die Kerk is en die betekenis dra van die wêreld wat deur die evangelie bereik moet word) is in die ontwerp in al die liturgiese kleure van die Kerkjaar. Daarmee word die kalender waarin dié kleure aangedui word, in die voorblad saamgebind. Daar is ook iets van die sikliese aard van die Kerkjaar wat telkens weer in ons lewens en gewone kalenderjare herhaal. Die swart wat bo-aan die ontwerp en buite die ander kurwes val, dra iets oor van die dood van Christus wat hierdie lewensritme en ruimte vir ons moontlik maak. Dit staan bo-oor alles en ons lewe daaruit!

- **Bestellings** vir *Konteks*, *Die Hervormer* en die *Almanak/Bybelse Dagboek* moet asseblief **teen die einde van Oktober** aan mev Susann van Zyl van SENTIK deurgegee word, by **sentik@nhk.co.za**, 012 322 8885 x291 of faks 012 322 7906. Gemeentes kan die syfers natuurlik nog in die nuwe jaar aanpas.

- Die **personeel van SENTIK** sal lidmate **op versoek kom inlig** oor die Kerk se publikasies. Kontak die sekretaris vir Toerusting, Inligting en Kommunikasie, dr Wouter van Wyk, by 012 322 8885 x261, 082 339 2332 of **wouter@nhk.co.za**, die redakteur van *Die Hervormer*, dr Gerhard Lindeque, by 082 374 8703 of **gclindeque@absamail.co.za**, of die redakteur van *Konteks*, dr Wian Kloppers, by 012 322 8885 x229 of **konteks@nhk.co.za** indien u so 'n uitnodiging wil rig.

- Gemeentes moet asseblief nie **geregistreerde posstukke vir SENTIK** aan 'n spesifieke persoon rig nie. Die poskantoor verwag dan die betrokke persoon se oorspronklike ID, en verg van die individu om self na die poskantoor te ry om die posstuk af te haal. Die personeel vind dit moeilik, en wil om sekuriteitsredes nie hul ID-boeke saam met die bodes stuur nie. Geregistreerde posstukke moet dus op SENTIK se naam gepos word, met onderaan 'n aanduiding van die persoon vir wie se aandag dit bedoel is.

Verjaardagvierings en spesiale eredienste

- Op **Sondag 8 November** vier **Gemeente Johannesburg-Wes** die ingebruikneming van hul kerkgebou 60 jaar gelede op 12 November 1949. Die gebou is steeds in gebruik en dien tans as die kerksaal. 'n **Wydingsdiens** is vir **Sondag 8 November** gereël en sal deur ds Johann Marnewick, die huidige predikant, waargeneem word. Die bekende Pretoriase orrelis Harry Jonkers sal as gasorrelis optree. Die diens begin om 09:00 en alle oudlidmate is welkom. Die kerkgebou is naby die Westdenedam geleë, in Tenbystraat, Westdene. Kontak die skriba, Paul Bester, by 011 673 4347 of 083 241 5002 of **paumar@telkomsa.net** vir meer inligting.

- **Gemeente Petrusburg** hou op **Saterdag 14 November** 'n **kuierdag** vir alle oudpredikante en oudlidmate. Op **Sondag 15 November** hou hulle 'n **hoeksteenlegging**. Kontak Leanie van der Merwe by 082 859 7739 vir meer inligting.

Konserte en damesbyeenkomste

- **Oorwinningskinders:** 'n **Konsert** met jong Hervormers, Rianda, Jaco, Rozelda en Leon, vind plaas tydens die Vonkfees in Witbank op **Saterdag 31 Oktober**. Navrae kan gerig word aan Salome Jones by 076 9646452. Vir optredes, skakel dr Wilhelm Coetzer by 012 322 8885 of Marita Fourie by 082 486 2420.

- **Gemeente Philadelphia** bied op **Donderdag 26 November** 'n **Oujaarskouspel** in die Aula van die Universiteit van Pretoria aan. Bekende kunstenaars soos Jak de Priester, Charl du Plessis, Mauri Mostert, Vivere, Music Affair, Henry van Dyk en Steve van Deventer tree op, en daar sal 'n Elvis-verrassing wees. Kaartjiepryse wissel van R80 tot R160. Kontak Carina Jonker by 072 212 3202 of Sussa van Staden by 082 789 8771.

- Die **Piet Potgieter Monumenttehuis** het wense, soos 'n kamerastelsel vir hul Alzheimerafdeling, die verfraaiing van hul sitkamer waar die inwoners gaste ontvang, en noodsaaklike en dringende restourasiewerk aan hul gebou, maar daar is net nooit voldoende fondse nie. Daarom gaan die **vier Hervormde gemeentes in Pietersburg**, in samewerking met die Randburgse Mannekoor en die plaaslike groep Marcato, 'n grootse poging aanwend om dié wense waar te maak. Op **Saterdag 28 November** gaan hulle saamkuier en saamsing vir slegs R80 per persoon. Gaan geniet die aand saam met hulle, maak u harte en hande oop vir 'n baie goeie saak. Donasies sal veral waardeer word. Kontak Annatjie Sandrock by 015 295 5464, 072 356 7189 of **annatjiesandrock@gmail.com**.

Kampe en toere

- **Gemeente Roedtan** bied 'n **Pretnaweek vir Paartjies** aan van **Vrydag 27 tot Sondag 29 November**. Die tema van hierdie huweliksverrykingsnaweek is *Waag om lief te hê!* Hulle vertrek Vrydagoggend met 'n luukse bus vanaf Roedtan na Oos-Transvaal, en besoek plekke soos Pelgrimsrus, Graskop, God's Window, die kolkgate, Sabie en die Sudwalagrotte. Hulle slaap oor by Sabaan-vakansieoord op die walle van die Sabierivier. Die koste is R2 000 per paar (alles ingesluit), en slegs 20 egpare kan die naweek meemaak. Bespreek deur voor 31 Oktober 'n deposito van R500 te betaal. Vir meer besonderhede, kontak ds Thys Redelinghuys by 082 416 7724 of sy vrou Hermien by 082 774 1022 of 015 667 0045.

- **Aandag alle matrieks.** Die Hervormde Kerk bied weer 'n **X-matriek-wegbreek** aan, van **7 tot 12 Desember**, by Mount Joy Lodge naby Margate. Die koste is R1 900 per persoon. **Di Thomas Dreyer** (082 552 9394) **en Petri van Rooyen** (083 662 2804) vergesel die groep. Slegs 25 x-matrieks kan geakkommodeer word. Bespreek by Danie van der Merwe by 082 334 6469 of 012 661 8544, per faks by 086 541 0927, of per e-pos by **dtpromotions@telkomsa.net**.

- Dit is weer tyd om die **Eerstejaarskamp** vir ons nuwe studente in Stellenbosch te reël. Alle voornemende (en senior) Maties word uitgenooi om die kamp by te woon, net voor die begin van die universiteitsjaar. Die kamp vind plaas van **Saterdag 9 tot Woensdag 13 Januarie,** en is 'n geleentheid om mede-Hervormers en die kampus te leer ken en vriende te maak. Stuur asseblief jul kontakbesonderhede aan ds Chris le Roux by **stellenbosch@nhk.co.za**, 082 905 0818 of 021 887 2685.

- **Die beste Eerstejaarskamp in Pretoria!** Wees deel van die grootste pret van jou lewe saam die studente van **Gemeente Philadelphia**. **ALLE** studente wat volgende jaar by enige instansie in Pretoria kom studeer, is welkom! Bring 5 vriende saam om te kom kamp en **jy** kamp **verniet.** Dit vind plaas **van 9 tot 14 Januarie 2010** by Kwaggasruskampterrein (net buite Brits, Gauteng). Dit is die **goedkoopste** kamp in Pretoria! Vir meer inligting, kontak Rina by 072 416 8768, of gaan na **www.philadelphia.co.za**.

- Daar is nog plekke beskikbaar vir die toer wat **onder leiding van ds André Ungerer** na die **2010 Passiespel** onderneem word. Die vertrekdatum is 8 Junie 2010. Kontak ds Ungerer of sy vrou, Esbé, by 018 468 5129, 082 940 8201 of **nhrngzpg@mweb.co.za**.

- Nog ’n **pelgrimstoer** vir Christene na Oberammergau en Israel via Switserland vind van 28 Mei tot 8 Junie 2010 plaas. Die toerleier is **dr Hennie Botes**. Kontak dr Botes by 014 743 0209 of **hjbotes@worldonline.co.za**.

Sportbyeenkomste en -kompetisies

- **Gemeente Belfast** bied op **Saterdag 31 Oktober** ’n **gholfdag** aan. Die aandete kan deur die spelers se gesinne ook bygewoon word, indien vooraf reëlings getref is. Skakel Christelle by 083 737 4930 of die gholfklub by 013 253 0981 vir meer inligting.

- **Gemeente Vaalpark** se **9de jaarlikse gholfdag** vind op **Vrydag 6 November** in Meyerton plaas. Die koste is R150 per speler, baanfooie en ’n ligte aandete ingesluit. Verskeie pryse kan ook gewen word. Vir meer inligting, kontak Danie le Roux by 082 816 8453 of Johann Hugo by 082 920 9455.

- **Gemeente Witbank** bied ’n **Oewer- en Boothengelkompetisie** aan op **Saterdag 7 November** by Forever Resorts Loskopdam. Kontak ds Arno Nieuwhof by 073 240 6030, Christo by 082 254 3296, of Peet by 083 228 3365.

Ander kompetisies en fondsinsamelings

- **Gemeente Piet Potgieter** in Potgietersrus (Mokopane) bied ’n **somerjaggeleentheid** aan, met verblyf vir 6 in Tumuga Hunting se jagkamp. Kaartjies is teen R50 beskikbaar by 082 821 6873 of 015 491 6313. Die wenner word op **14 November** aangewys tydens die gemeente se Kersmark.

- **Gemeente Springs-Oos** bied ’n **feesreeks messe** aan om saam te val met die gemeente se **50ste verjaardag**, en om fondse in te samel vir die bou van ’n ouetehuis. Kontak ds Pierre Roets by 083 274 2657, Marietta Perkins by 084 212 2186, of Valerie Benadie by 082 852 5526 vir meer inligting, pryse en om te bestel. Die gemeente se **feesalbum** is beskikbaar en kan bestel word van die skriba, oudl Retha Laubscher, by 083 475 1962 of **rethalaubscher@gmail.com**. Die album kos R180 per eksemplaar (plus posgeld).

- Gemeentes kan groot geld verdien deur aan gemeentes **Hartbeesfontein en Gerdau** se **Wen-’n-boerdery-kompetisie** deel te neem. Die trekking is eers op **8 Mei 2010**. Kontak Jaco Labuschagne by 083 779 7954 of die kolporteur by **kolporteur.nhk@gmail.com** vir meer inligting of bestellings.

- **Gemeente Stellenbosch** beskik oor gerieflike **woonstelle**, toegerus vir 4 persone (en een groot woonstel vir 6 persone) in ’n stil deel van Stellenbosch. Veilige parkering, beddegoed en breekgoed word verskaf. Die koste is slegs R330 per nag (R400 vir die groter woonstel). Daar is ook enkele klein woonstelletjies met slaapplek vir twee, vir slegs R200 per nag, hoewel dit baie klein is. Kontak die gemeente op Dinsdae- en Donderdae-oggende by 021 886 6209, of andersins by 082 905 0818.

Basaars en markte

- **Gemeente Bergsig** se **Kersmark** is nog **tot Saterdag 31 Oktober** aan die gang in die saal op hul kerkterrein in Mountain View, Pretoria. Kontak Marie de Wet van die gemeentelike kantoor by 012 379 6877 of tuis by 012 379 7779 of 082 402 4170 vir meer inligting.

- Die **NHSV Kaapstad** bied op **Saterdag 31 Oktober van 09:00 af** ’n **Kersmark** aan. Kontak Hettie Smith by 021 930 7927 vir meer inligting.

- **Gemeente Witbank-Noord** bied die **Vonkfees** aan van **Vrydag 30 tot Saterdag 31 Oktober** by die Van Riebeeck-stadion. Daar gaan talle uitstallers wees, baie om te eet, helikopterritte (Saterdag), Mnr en Mej Vonkfees, 'n mallemeule, 'n klimraam, plaaslike kunstenaars, langarmdans (Vrydagaand), en Sondag 'n erediens by die feesgronde. Die Oorwinningskinders tree Saterdag tussen 15:00 en 16:00 op, en maak die nuwe naam van die *Child Buddy* bekend. Skakel Hendrik by 082 956 7658 vir meer inligting.

- **Gemeente Bloemhof** hou op **Saterdag 31 Oktober** van 09:00 af **basaar** op hul kerkterrein. Op **Saterdag 5 Desember** hou hulle **Kersmark** met verskeie uitstallers. Kontak Helen Herholdt by 053 433 1222 of 079 377 5008.

- **Gemeente Kruin** bied op **Saterdag 31 Oktober** hul jaarlikse **karnaval** aan. Kontak die gemeentelike kerkkantoor by **nhkkruin@gmail.com**.

- **Gemeente Zwartruggens** hou op **Saterdag 31 Oktober** 'n **Oesfees** op 'n Bybelse markplein. Hulle gaan koop en verkoop met geld uit die Bybelse tyd, en klere van die Bybelse tyd dra. Kontak ds Dawie Jacobs by 083 456 0831 of Christa Harmse van Maandae tot Donderdae (07:00 tot 13:00) by 015 544 0151.

- Die **NHSV Warmbad** bied op **Saterdag 7 November** hul jaarlikse **Kersmark** aan op die kerkterrein in Ludorfstraat. Kontak Amanda Liebenberg by 014 736 2615 of Suzi van Dyk by 083 310 4943 vir meer besonderhede.

- Op **Saterdag 7 November** hou **Gemeente Waterberg Kersmark**. Om 07:00 word 'n groot plaasontbyt bedien terwyl die Dolcè Chix-groep die gaste met hul musiek gaan vermaak. Om 11:00 begin die veiling met goedere vir klein en groot! Vir meer inligting, skakel die gemeentelike kerkkantoor by 014 717 3355.

- **Gemeente Magaliesmoot** hou van **2 tot 5 Desember** 'n **Kersmark**. Belangstellendes kan hul eie produkte daar kom uitstal of verkoop. Kontak Elma by 082 954 7955 vir keuring.

- **Gemeente Nelspruit** hou op **Saterdag 30 Januarie 2010** die 5de **Maroelafees** op die kerkterrein in Belladonnastraat, Nelspruit. Dit is midde-in die hoogseisoen van die maroela, en al die aktiwiteite vind plaas rondom hierdie besonderse inheemse vrug. Hulle begin reeds om 08:00 en sal tot laat bedrywig wees. Toegang is gratis! Heerlike gesinsvermaak word beplan en verskeie maroelaprodukte sal uitgestal en te koop wees, soos velsorgprodukte, verskeie geregte om aan te proe, maroelaresepteboeke en vele meer. Vir meer inligting, kontak die gemeentelike kerkkantoor by 013 741 1455.

ANDER NUUS

Prof Natie van Wyk en dr Paul Visser

- **Die Raad vir Apostolaat** se **konferensie** met die *Foundation for the Promoting of Reformed Missiology and Ecumenics* **(PROMISE)** het so pas ten einde geloop. Daar was betrokkenheid van gaste, deelnemers en sprekers uit Nederland, die VSA en Indonesië, en benewens predikante en studente van die Hervormde Kerk en die MRCC, was studente van die *Uniting Presbyterian Church* ook teenwoordig. Die opening Dinsdagmiddag 27 Oktober is waargeneem deur die voorsitter van die Stigting, dr Paul Visser van Den Haag.

- Aansoeke word ingewag vir 'n groep van maksimum tien studente vir die **Meestersgraad in Bybelse Spiritualiteit** wat aangebied word deur die Fakulteit Teologie aan die Universiteit van die Vrystaat. Die kursus bestaan uit vier modules wat op 'n deeltydse basis oor 'n periode van twee jaar aangebied word. Beurse is beskikbaar. Volledige besonderhede is beskikbaar op die Fakulteit se webblad: **http://www.ufs.ac.za/spirit**. Die **toelatingsvereiste** is ten minste vier jaar

teologiese opleiding. Aansoeke vir 2010 **sluit op 15 November 2009**. Rig navrae aan prof HC van Zyl by **vzylhc@ufs.ac.za**, 051 401 3023 (w) of 083 697 5695 (sel).

- **Beeld-Kinderfonds** hou op **Woensdag 25 November** om 19:30 **Kerskonsert** in die gebou van die NG Kerk Moreletapark. Die kunstenaars tree gratis op as hul bydrae tot die Fonds. Die Hervormde Kerk is 'n lidkerk van Beeld-Kinderfonds. Die program bestaan uit geestelike en Kersmusiek, en die kaartjies is beskikbaar teen R60, R75, R110 en R150. Bespreek by **iTicket.co.za** of 0861 000 291.

- **Doulos se Kersfunksie** word vanjaar aangebied op **Saterdag 5 Desember** by die Silwer Valke Rugbyklub in Silverton, Pretoria. Dit gaan in die vorm van 'n **karnaval** wees waar gemeentes, instansies, individue en groepe **potjiekos en rys** voorberei vir **30 mense** elk. Baie dankie vir die kerke wat reeds potjiekos aangebied het – hulle het so te sê hul teiken van 43 potjies bereik om die nagenoeg 1 000 mense vir die dag kos te gee! Verder verskaf Doulos koeldrank, water, eetgerei, pannekoek asook die vervoer van die mense vanuit die nedersettings na die funksie en terug. Daar sal ook mense wees wat gaan sing, poppekas vir die kinders, pamperlangsalonne, boeresport en 'n vertoning van die Polisie se hondeafdeling! Doulos benodig egter nog 'n paar items:
  - Geskenke vir tieners (200) en bejaardes (150)
  - Nagereg vir die dag – jellie en vla, of enige vorme of geure waaraan mens kan dink (1 000)

  Kontak Heleen Huyser van Doulos Armoedebediening by 082 443 8874 of **huyserh@sapo.co.za**.

  (Doulos-gemeenskapsprojek bestaan uit 'n netwerk van mense uit verskillende kerke en gemeentes, en funksioneer op vier bene, naamlik Derdepoort, armoede onder blankes, werkskepping en die MRCC.)

- **Kom toer saam met *Konteks*.** Van **15 tot 19 Maart 2010** toer ons onder leiding van dr Hennie van Deventer na die Natalse Middellande. Die koste beloop R3 750 per persoon wat deel (R800 ekstra vir enkelakkommodasie). Skakel Marius of Leana Wiese van Afton Toere by 033 330 5256 of 082 374 2995. Volledige inligting verskyn in *Konteks* van Augustus 2009.



- Hans du Plessis se Kersboekie ***Kalaharikrismis*** wat in 2008 verskyn het, is weer beskikbaar. Die Bybelse verhaal word teen die agtergrond en in 'n dialek van die Kalahari vertel. Die boekie is beskikbaar teen R20 elk (dit sluit die koevert en geskenkverpakking in). Posgeld is uitgesluit. Die boekie pas in 'n gewone koevert en kan ook as 'n Kerskaartjie gebruik word. Vir meer inligting, skakel Kobie van Aswegen by 018 299 1783. Bestellings kan per e-pos of faks geplaas word, by **kobie.vanaswegen@nwu.ac.za** of 018 299 1784.

Belangrike vergaderings

- Betrokkenes moet hulself asseblief vergewis van die korrekte vergadertye en lokale.

o Maandag 2 November:	Komitee vir die Hersiening van die Kerkorde
o Woensdag 4 November:	Direksie van die Kinderhuise
o Donderdag 5 November:	Buitengewone vergadering van die Kommissie van die AKV
o Vrydag 6 November:	Raad vir Kerk en Wêreld; Komitee vir Etiese Sake; Komitee vir Kerk en Teologie; NHSV Dagbestuur

ADVERTENSIE

TE HUUR: Luukse tweeslaapkamer woonhuis met twee badkamers. toesluitmotorhuis en groot onderdakpatio in Annlin Place Aftreeoord, Pretoria. Digby hospitaal en groot winkelkomplekse. Huur is R4 600 per maand, wat kliniekdienste insluit. Geen troeteldiere. Navrae aan Dewald Hattingh by 082 929 1429.

AGTERBLAD

SENTIK-katalogus 2010

Die Katalogus van die publikasies wat by SENTIK se boekwinkel beskikbaar is, sal gedurende die volgende dae aan gemeentes gestuur word. Dit het vanjaar 'n luukse voorkoms en is op glanspapier gedruk. 'n Bestelvorm sal daarby ingesluit wees.

Die Kerk se "nuwe" boekwinkel is op Maandag 17 Augustus in die teenwoordigheid van die Raad vir SENTIK en ander gaste amptelik geopen. Die boekwinkel is nou in 'n pragtige, gerestoureerde vertrek reg by die hoofingang van Barton Keep geleë. Enige besoeker aan die Sinodale Kerkkantoor kan vinnig by die boekwinkel instap, en selfs 'n koppie koffie drink saam met die bestuurder, mev Susann van Zyl.

Benewens 'n verskeidenheid Bybels, kategeseboeke en kerklike skryfbehoeftes, is daar nou 'n groeiende verskeidenheid boeke en CD's beskikbaar. Die boekwinkel ontvang nou ook boeke en nuwe vrystellings van ander uitgewers.

Daarby maak 'n ooreenkoms met 'n vooraanstaande verspreider van klassieke musiek dit moontlik om ook CD's in die boekwinkel aan te hou. Daar is 'n interessante verskeidenheid klassieke musiek teen billike pryse beskikbaar – veral orrelmusiek, koormusiek en kerklike musiek.

Bestellings kan met of sonder die bestelvorm by mev Susann van Zyl geplaas word. Kontak haar by 012 322 8885 x291, faks 012 322 7906 of **sentik@nhk.co.za**.

Ons droom is
dat alle mense
in Jesus Christus sal glo
as hoop vir die wêreld

Redakteur: Dr Gerhard Lindeque
Subredakteur: Ds André Ungerer
Kerknuus: Dr Fanie Pretorius
Teksversorger: Mev Tessa Oppermann
Uitlegkunstenaar: Mej Izelle Marx